DAG 24

Die krag van vergifnis

Lees Matteus 6:5-15.

As julle ander mense hulle oortredinge vergewe, sal julle hemelse Vader julle ook vergewe (v. 14).

Jesus wou vir sy dissipels die krag van Koninkrykbeginsels leer. Dit is 'n lewe wat geleef word vanuit die krag van die Heilige Gees. Daarom sê Hy vir sy dissipels dat Hy hulle soos lammers onder die wolwe instuur. Dit moes vir hulle 'n aardige gedagte gewees het. Vir hulle sou dit soveel makliker gewees het as die Here gesê het: "Ek stuur julle soos wolwe onder die lammers in." Dan het hulle beheer behou.

Maar in die Koninkryk van die Here word bitterheid met liefde oorwin. Daar besluit die mens om te midde van verontregting vry te spreek en te vergewe. So oorwin ons die kwaad deur die goeie.

Ons kan vergewe omdat ons weet hoe dit voel om as skuldige voor God te staan en Hy ons totaal vergewe. Dan verstaan ons hoe vergifnis

werk. Ons verskuif ons fokus. Ons vergeet nie dadelik van die verontregting nie. Nee, ons kies egter om ten spyte van ons emosies die skuldige vry te spreek. So bevry jy jouself en breek jy die houvas van die verontregting wat jou aangedoen is.

Here, help my om elkeen vry te spreek en te vergewe wat my kwaad aangedoen het.

Aantekeninge: